

eish!



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 7 No 1 Februarie 2013
Personeelblad van die NWU



**R380 miljoen
in geboue belê**

**Dosente se inspirasie
is R50 000 werd**

**Bevordering van NWU
is die pad vorentoe**

INHOUDSOPGAWE

- 2 Google dit sommer
- 3 Boodskap van die visekanselier
Eish!, ons bars uit ons nate!
- 4 Dosente wat inspireer wen R50 000 elk
- 6 Vier dekane neem leisels op
- 7 Bouprojekte beplan
- 8 Institusionele Bevordering fokus op groter en beter
- 10 Beleid stuur mediaskakeling
- 11 Konferensie ondersoek navorsing oor onderrig-leer
- 12 Alles wat hier staan, is waar
- 14 Kampusnuus: Mafikeng
- 15 Kampusnuus: Potchefstroom
- 16 Kampusnuus: Vaaldriehoek
- 17 Leiers leer meer oor mensekapitaal
MarkWrite: 'n merkassistent tot jou (elektroniese) diens
- 18 Fokus op ... Bedryfsprosesse
- 19 Nuweling wil diens lewer
- 20 NWU-kundiges ken hul storie
- 21 Mense wat myle stap
- 22 Wat jy van die Eish! dink
- 23 Wen! Wen! Wen!



Voorblad: Die Institusionele Kantoor se voormalige Departement Korporatiewe Sake en Verhoudinge staan nou bekend as Institusionele Bevordering. (Meer hieroor op p 8 en 9.) Die bestuur van die departement is agter van links me Lindi Cameron, mnr Cobus Steenkamp en me Nina Brazer. Voor is mnr Louis Jacobs en aan die spits van sake, me Phumzile Mmope, die uitvoerende direkteur.

Redaksionele span: Personeel van Institusionele Bevordering, en kommunikasiebeamptes op die kampusse. **Bladuitleg:** Graphikos. **Drukwerk:** Ivyline Technologies. **Fotografie:** NWU-kollegas en -diensverskaffers. **Spotprent:** Mynderd Vosloo. **Vir verdere navrae/korrespondensie:** Nelia Engelbrecht – Tel (018) 299 4937 of Bussie 260. *Eish!* word deur die Institusionele Bevordering-department van die Institusionele Kantoor van die NWU in Setswana, Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee. Indien u nog kopieë verlang, skakel gerus vir Nelia Engelbrecht. Om die *Eish!* in elektroniese formaat te ontvang, stuur asseblief 'n e-pos aan marelize.santana@nwu.ac.za.

Google dit sommer

Die woorde "Google dit!" is welbekende raad wanneer 'n mens iets wil weet.

Google is een van die wêreld se bekendste en gewildste soekenjins en dit is een van die redes waarom die NWU 'n eie "Google Search Appliance" het waarmee gebruikers deur die NWU se web-omgewing kan soek vir sekere onderwerpe.

Vir so 'n soektog kan hulle spesifieke terme of soekwoorde in die blokkie langs die "Search"-knoppie op die NWU-landingsbladsy intik en daarna op die "Search"-knoppie klik. Dit sal dan 'n reeks bladsye uit die NWU se web-omgewing gee waarop die gebruikers se soekwoorde verskyn.

NWU-personeellede wat inligting op die NWU se web-omgewing publiseer, speel 'n belangrike rol om die soektog vir gebruikers te vergemaklik. Wanneer hulle inligting publiseer, gebruik hulle byvoorbeeld relevante soekwoorde, want hoe beter die soekwoorde is wat hulle vir 'n spesifieke bladsy indekseer, hoe makliker sal 'n gebruiker daardie bladsy opspoor.

Publiseerders neem ook in ag dat webtuistes wat Flash (die gratis sagteware waarmee multimedia-webbladsye vertoon word) gebruik, fundamenteel van HTML-webwerwe verskil. (HTML is 'n hiperteks-"taal" vir webwerwe.) Inligting op 'n Flash-webwerf is dikwels opgebreek om 'n sekere effek te verkry, wat veroorsaak dat hierdie webwerwe nie altyd soekenjin-vriendelik is nie.

Publiseerders beskou dit dus as goeie praktyk om Flash sover moontlik te vermy om seker te maak dat gebruikers goeie resultate kry wanneer hulle die soekenjin gebruik.

Inligting oor die gebruik van soekwoorde is vir webpubliseerders beskikbaar op *Drupal onder "Drupal Documentation" in die dokumentasie wat handel oor Soekenjin-optimalisering (SEO).

*Publiseerders gebruik tans weergawe ses van die inhoudbestuurstelsel, Drupal, om inhoud op die NWU se webtuiste te publiseer.

BOODSKAP VAN DIE VISEKANSELIER

Beste kollegas

Wanneer u hierdie uitgawe lees, is 2013 reeds volstroom aan die gang.

Die eerstejaars (en seniors) is ingeburger; die dosente deel werkstukke uit en sien sommige al na; die navorsingsprosesse vorder goed; die kampusplanne is in plek en prestasieooreenkoms gesprekke is waarskynlik al afgehandel.

Die Noordwes-Universiteit is hierdie jaar nege jaar oud. Ons lyk baie anders as nege jaar gelede – ons studentetal het byvoorbeeld met meer as 70% gegroei en ons permanente personeelkomponent met meer as 57%.

Ek sien ook hoe ons handelsmerk al hoe sterker gevestig word, hoe ons institusionele kultuur al hoe meer op 'n verbondenheid met die NWU as geheel wys, hoe ons vordering maak op 'n bestendige en volhoubare transformasiepad, en hoe ons nasionale en internasionale posisionering aanhou verbeter.

As ons spesifiek na die eerstejaarsinskrivings vir 2013 kyk, was die teiken van ons inskrivingsbeplanning vir 8 600 eerstejaars. Die aantal aansoeke is verstommend hoog: Mafikeng het meer as 9 000 ontvang, Potchefstroom, 8 500

en Vaaldriehoek 4 500. Van hierdie aansoeke het die onderskeie kampusse meer as 10 000 toegelaat. Die finale getalle is nog nie bevestig nie, maar dit lyk of ons naby of net onder die teiken van 8 600 gaan kom.

Die twee grootste redes waarom ons dalk nie ons teiken gaan haal nie, is swakker wiskundepunte in graad 12 en die feit dat ons nie genoeg koshuisinwoning het nie.

Selfs al neem mens hierdie feite in ag, is dit duidelik dat die druk om verhoogde toegang tot universiteitstudies in die toekoms gaan toeneem. Daarmee kom ook die eis om gewaarborgde verbeterde sukses deur verbeterde studente-ondersteuning en ander akademiese ontwikkelingsplanne. Hiervoor, glo ek, is die NWU goed gerat. Niemand twyfel meer aan die waarde wat deur die aanvullende onderrigprogram, bekend as die SI-program, dwarsoor die NWU gelewer word nie.

En hoewel die UniPrep-brugprogram nog in 'n loodsfasie is en die data nog min is, hou dit reeds die belofte in om 'n groot bydrae te lewer om studente op 'n breë vlak beter voor te berei vir universiteitstudies. Ek lei uit die voorlopige navorsingsuitsette af dat 2011 se navorsingsresultate volhoubaar is en waarskynlik ten min-



ste geëwenaar gaan word. Dit sal ons baie naby bring aan ons missie om 'n instelling te wees waar onderrig-leer en navorsing gebalanseerd is. Die NWU gaan ook hierdie jaar voort met die projekte in gemeenskapsbetrokkenheid op plaaslike en streeksvlakke waar ons kampusse geleë is. Ek hoop ons momentum hierin neem steeds toe.

Ek is bly dat die basis vir onderskeidelik die internasionaliserings- en die institusionele bevorderingskantore afgehandel is en sien uit na hoe die winste een vir een in 2013 gaan inkom. Mag hierdie jaar vir elkeen van ons vervullend wees, beide wat ons werk en persoonlike omgewings betref. Dit weet ons: dit gaan nie vervelig wees nie!

Seën toegewens,

J. M. Cloff



Universiteite dwarsoor Suid-Afrika is vanjaar oorval deur aansoeke van eerstejaars. Die NWU self het meer as 20 000 aansoeke ontvang, maar kon net sowat 9 000 eerstejaars aanvaar.

Volgens 'n berig wat vroeër vanjaar in die Afrikaanse dagblad, *Beeld*, verskyn het, het die Universiteit van Johannesburg 'n ongelooflike

Eish!, ons bars uit ons nate!

89 000 aansoeke ontvang, terwyl hulle net plek vir 10 500 eerstejaars gehad het.

Tweedemeeste aansoeke (80 000) is deur die Tswane-Universiteit vir Tegnologie (TUT) ontvang, en derdemeeste (75 000) deur die Universiteit van KwaZulu-Natal (UKZN). TUT het egter net plek vir ongeveer 14 000 eerstejaars gehad, en UKZN vir sowat 9 500 tot 10 000.

Volgens hierdie statistieke (verkry van 11 van die 23 hoërondewysinstellings in Suid-Afrika) kon TUT vanjaar die meeste eerstejaars inneem, gevolg deur die Universiteit van Johannesburg en daarna die Universiteit van Pretoria met 10 000. UKZN kon derdemeeste en die NWU vierdemeeste eerstejaars inneem.

Die vermoë van hoërondewysinstellings om steeds meer en meer studente te aanvaar, word tot 'n groot mate bepaal deur beskikbare infrastruktuur.

Lees gerus op p 7 hoe die NWU met goed beplande bouprojekte tred hou met die toename in studentetalle en die voortgaande uitbreiding van akademiese programme wat hier aangebied word.

Maar geboue sonder mense baat ook nie veel nie – toegewyde, kundige personeel is onontbeerlik om so veel as moontlik verdienstelike studente so goed as moontlik toe te rus vir hul toekomstige loopbane.

Hierdie uitgawe van Eish! weerspieël weereens hoe toegewyde NWU-personeel hul kundigheid inspan om van die universiteit 'n plek te maak waar drome gebore word en waar geleenthede aangegryp word om elkeen se beste selfs beter te maak.

Lekker lees,

Marelize & Nelia

Dosente wat inspireer wen R50 000 elk

Een dosent van elk van die 15 fakulteite van die NWU het onlangs R50 000 ryker geword nadat hulle as die mees inspirerende dosente vir 2012 aangewys is.

Die passie en gemotiveerdheid waarmee hierdie dosente hul studente inspireer om hul volle

potensiaal te ontwikkel, het hulle die Rapport-topdosenttoekenning in die sak gebring.

Die prysgeld – geborg deur die Afrikaanse Sondagkoerant, *Rapport* – is vanjaar vir die derde agtereenvolgende jaar tydens 'n glansgeleentheid op 13 November 2012 in Potchef-

stroom aan die wendosente oorhandig.

SO WERK DIT

Studente nomineer en stem vir hul inspirerendste dosente via eFundi, die elektroniese leerplatform by die NWU. Hulle het twee keer in 2012 gestem – aan die einde van elke semester.

Daarna is die twee periodes se uitslae saamgevoeg om een wenner per fakulteit aan te wys.

Omdat die grootte van die klasse verskil, is die hoeveelheid stemme bereken volgens 'n bepaalde formule wat die getal studente wat 'n dosent het, in ag neem. Op dié manier het al die dosente 'n regverdige kans gekry om te wen.

Dosente wat minder as 10% stemme gekry het, het outomaties uitgeval.

Statistiese Dienste het die uitslae van die stemproses verwerk en Interne Oudit het dit geverifieer.

Die stemproses word deur die onderskeie kampusse se verteenwoordigende studenteerade gedryf.

Die oorhoofse proses vind plaas onder leiding van prof Marlene Verhoef, die Uitvoerende Adviseur: Strategie en Projekte in die Institusionele Kantoor, om seker te maak dat die prosesse op die verskillende kampusse dieselfde bestuur word.

“Studente se deelname aan die kompetisie wat al hoe meer vlam – daarvan getuig die stempersentasie wat van 10% in 2010 tot 40% tydens die tweede semester in 2012 gegroei het,” sê prof Marlene.



Van die wenners van die Rapport-topdosentkompetisie op die Mafikengkampus is agter van links mnr Andrew Mutsvangwa en me Mianda Erasmus en voor in die middel adv Koboro Selala. Voor saam met hulle is prof Sevid Mashego, Direkteur: Spesiale Projekte (links) en mnr Koos Degenaar, Direkteur: Bemaking en Kommunikasie (regs).



Die Vaaldriehoekkampus se wenners is agter van links mnr Daniël Meyer en me Daleen Gerber. Saam met hulle is voor van links prof Linda du Plessis, Viserektor: Akademie, Kwaliteit en Beplanning en prof Thanyani Mariba, die rektor.

SO INSPIREER HULLE

Een van die studente wat aan die stemproses deelgeneem het, beskryf 'n inspirerende dosent soos volg: "Topdosente is tegemoetkomend, dra hul studente se beste belange op die hart, lei hulle om hul eie potensiaal te ontwikkel, motiveer hulle om hul persoonlike grense te toets en sluit 'n wêreld van moontlikhede vir hulle oop."

Tydens die prysuitdeling het mnr Tim du Plessis, Hoof: Afrikaanse koerante in die Media 24-stal, gesê die samelewing besef nie altyd dat hulle eintlik 'n ereskind aan opvoeders verskuldig is nie. Hy het verder gesê om dosent te wees is dikwels 'n ondankbare werk, maar wanneer dit die dag bevredigend is, kanselleer dit die frustrasie uit.

Mnr GP van Rheede van Oudtshoorn, een van die dosente wat bekroon is, het dit duidelik gemaak dat onderrig 'n roeping is en net 'n beroep nie.

"Ons staan nie in die onderrig vir die geld, status of om die korporatiewe leer te klim nie. Ons



Van die Potchefstroomkampus se wenners van die Rapport-topdosentkompetisie is hier saam met prof Mariëtte Lowes, Viserektor: Onderrig-Leer (voor, tweede van links). Die wenners is agter van links mnr Herman van Dyk, dr Colin Read, prof Jorrie Jordaan en mnr GP van Rheede van Oudtshoorn. Voor van links is me René Koraan, me Minnet du Preez en me Anita Lubbe.

doen dit nie omdat dit is wat ons doen nie, maar omdat dit is wie ons is, en wanneer ons dit reg doen, dan inspireer ons uiteindelik."

Die prysgeld word in elke wendosent se persoonlike bankrekening inbetaal vir gebruik na goëddunke.

Hier is die wenners

Die wenners op die onderskeie kampusse is soos volg:

MAFIKENGKAMPUS

Me Janet Hanna – Fakulteit Handel en Administrasie

Mnr Andrew Mutsvangwa – Fakulteit Opvoedkunde

Me Mianda Erasmus – Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe

Me Kgomotso Direko – Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie

Adv Koboro Selala – Fakulteit Regte

POTCHEFSTROOMKAMPUS

Me Minnet du Preez – Fakulteit Gesondheidswetenskappe

Prof Jorrie Jordaan – Fakulteit Teologie

Mnr Herman van Dyk – Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Me Anita Lubbe – Fakulteit Opvoedingswetenskappe

Mnr GP van Rheede van Oudtshoorn – Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

Me René Koraan – Fakulteit Regte

Dr Colin Read – Fakulteit Natuurwetenskappe

Mnr Frikkie Conradie – Fakulteit Ingenieurswese

VAALDRIEHOEKKAMPUS

Me Daleen Gerber – Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie

Me Daniël Meyer – Fakulteit Geesteswetenskappe

Vier dekane neem leisels op

Vier dekane is sedert Julie 2012 op die Potchefstroomkampus aangestel. Eish! stel hiermee die lesers vlugtig bekend aan prof Awie Kotzé, prof LJ Grobler, prof Susan Visser en prof Nicola Smit. Hou gerus die res van die jaar se Eish!-uitgawes dop vir meer inligting oor hulle in ons reeks oor NWU-dekane.



Prof Awie Kotzé: "Die fakulteit moet 'n effektiewe bydrae tot kwaliteit-gesondheidsorg vir almal kan lewer."

GESONDHEID NA AAN SY HART

Prof Awie Kotzé, voorheen die direkteur van die Skool vir Farmasie, beklee sedert 1 Julie 2012 die pos as dekaan van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe.

Prof Awie is al vir 23 jaar betrokke by die Potchefstroomkampus en het vroeër ook sy studies aan die voormalige Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys voltooi.

Prof Awie het groot planne vir uitbreidings in die fakulteit. Dit sluit onder meer in 'n Sentrum vir Gesondheidsorg-onderrig vir navorsing oor innovasie in onderrig-leer, uitbreiding van die kliniese opleidingsplatform, die instelling van professionele vierjaargrade vir onderskeidelik Biokinetika, Beroepshigiëne en Sielkunde, en kursusse vir middelvlakwerkers soos apteek- tegniese assistente.

MEGANIESE GHOEROE AAN DIE STUUR

Prof LJ Grobler, 'n bekende in meganiese ingenieurswese-kringe en voorheen 'n dosent by die Skool vir Meganiese en Kerningenieurswese, is sedert 1 September 2012 die dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese.

As meganiese ingenieur het prof LJ baie ontdekkinge wat betref konsultasie, die akademie en die industrie. Hy dien tans as die president van die South African Association for Energy Efficiency (SAAEE) en het reeds honderde ingenieurstudente opgelei.

"Dit is my ideaal om dié fakulteit 'n fakulteit van keuse te maak vir voornemende studente in Suider-Afrika. Om dit te doen, sal ons die vergrootglas op uitnemendheid in onderrig-leer, innoverende navorsing en ontwikkeling, kommersialisering van innovasie en die vestiging van 'n koste-effektiewe fakulteit moet plaas."

SYFERSLIM DEKAAN GENIET STUDENTE

Met haar liefde vir syfers en studente, pas prof Susan Visser se aanstelling as die nuwe dekaan van die Fakulteit: Ekonomiese en Bestuurswetenskappe haar soos 'n handskoen.

Dié voormalige direkteur van die Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe beklee die dekaanspos sedert 1 Desember 2012, 38 jaar ná sy die eerste vrouedoseant was wat by die fakulteit begin klasgee het.

Prof Susan sê haar gróóte liefde is studente. "Dis wonderlik om jong mense te begelei en om hulle beter dosente of navorsers as jyself te maak."

Doelwitte wat sy vir die fakulteit stel, sluit in goeie spanwerk, onderrig-leer van die hoogste gehalte, die bemarking van kundigheid en die beste moontlike navorsing. Sy wil ook op internasionalisering en kwaliteitversekering fokus.

REGSGELEERDE NEEM LEIDING

Prof Nicola Smit het op 1 Januarie 2013 diens aanvaar as dekaan van die Fakulteit Regte op die Potchefstroomkampus, nadat sy vir bykans 17 jaar aan die Universiteit van Johannesburg verbonde was.

Dié "splinternuwe" NWU-dekaan wil graag sien dat die fakulteit gevestig word as een van die topregsfakulteite in Suid-Afrika en dat dit ook die eerste keuse vir topkoliers sal wees.

Sy beskou haarself as iemand met baie energie en 'n positiewe ingesteldheid. Van die uitdagings wat sy graag wil aanpak sluit in sake soos toegang (onder meer studentetalle), die profiel van personeel en studente, en die voortgesette groei van die fakulteit se geakkrediteerde publikasies, nagraadse studente en postdoktorale genote.



Prof LJ Grobler: "Die wenresep vir sukses is 'n goeie waardestelsel, spanwerk en verantwoordelikheid."



Prof Susan Visser: "Dit is vir my belangrik om 'n verskil te probeer maak."



Prof Nicola Smit: "Ons moet geleenthede skep vir individue se persoonlike en professionele groei."

Bouprojekte beplan

Die NWU gaan in die volgende drie jaar sowat R380 miljoen aan nuwe geboue, die opgradering van bestaande geboue en toerusting op sy drie kampusse spandeer.

Van hierdie bedrag gee die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ongeveer R211,3 miljoen, terwyl die NWU die res uit sy reserwefondse bydra.

Die universiteit sal die grootste deel van hierdie geld (R163 miljoen) op sy Mafikengkampus spandeer, R155 miljoen op die Potchefstroomkampus, en R62 miljoen op die Vaaldriehoek-kampus.

“Ons brei steeds ons fasiliteite op al drie kampusse uit en verbeter dit om die groei in studentetalle en die immer diversifiserende akademiese program- en kwalifikasiesmengsel te akkommodeer,” sê dr Theuns Eloff, die visekanselier.

“Op hierdie manier verseker ons dat die NWU sy kernbesigheid kan vervul in moderne fasiliteite wat doeltreffende onderrig-leer en navorsing bevorder.”

GROOTSTE PROJEK

Die grootste projek vir die tydperk 2012 tot 2015 word op die Mafikengkampus aangepak. Dit behels twee nuwe koshuise vir studente wat teen 'n totale koste van R76,9 miljoen gebou en toegerus gaan word.

Die eerste koshuis sal teen die einde van 2013 voltooi word en die ander een teen die einde van 2015. Elke koshuis sal vir 250 beddens voorsiening maak.

Die tweedegrootste projek in totaal, ter waarde van R54,7 miljoen, is die bou en toerus van 'n nuwe gebou vir Farmasie op die Potchef-

stroomkampus wat waarskynlik teen Desember 2014 gereed sal wees.

ANDER PROJEKTE

Van die ander groot projekte sluit in die bou en toerus van 'n nuwe gebou vir Verpleegkunde en die tweede fase van die gebou vir Natuurwetenskappe, al twee op die Mafikengkampus.

Die Natuurwetenskappe-gebou se tweede fase sal na verwagting teen Desember 2013 klaar wees. Die eerste soorie vir die Verpleegkundegebou sal in 2014 gespit word en die laaste steen behoort in Junie 2015 gelê te word.

'n Moderne biblioteek word op die Vaaldriehoek-kampus opgerig. Bouwerk aan die biblioteek is reeds in 2012 begin en sal in 2013 voltooi word. Daarby gaan dié kampus ook 'n nuwe gebou vir Afrika-tale en Geestes- en Sosiale Wetenskappe en 'n nuwe koshuis kry.

Die koshuis behoort teen Desember 2013 klaar te wees, terwyl die ander gebou na verwagting teen die einde van 2014 voltooi sal word. Vir die eerste keer sedert die same-smelting in 2004 word daar op die Potchefstroomkampus 'n nuwe koshuis gebou. Bouwerk aan dié koshuis het in 2012 begin en sal in 2013 voltooi word.

In die vorige rondte finansiering deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (2010 tot 2012) het die NWU 'n bedrag van R212,50 miljoen ontvang, waarby die universiteit R62,9 miljoen ekstra uit sy eie fondse gevoeg het.

Die omvattende bouprojekte by die NWU staan onder die leiding van Prof Johan Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite. ►



Institusionele Bevo groter en beter



Me Phumzile Mmope is die uitvoerende direkteur van Institusionele Bevordering.

Korporatiewe Sake en Verhoudinge in die Institusionele Kantoor het onlangs plek gemaak vir die Departement Institusionele Bevordering.

Die hersiene struktuur is geïmplementeer om die departementele prosesse te stroomlyn en enige tekortkominge te ondervang. Die verandering bring die departement in lyn met beste praktyk in hoërondewysinstellings en verseker die direkte betrokkenheid van dr Theuns Eloff, die visekanselier.

“Die proses om ‘n volwaardige bevorderingskantoor in die Institusionele Kantoor tot stand te bring is lankal reeds in die pyplyn,” sê me Phumzile Mmope, uitvoerende direkteur van die nuwe Departement Institusionele Bevordering. “Die proses kry al momentum sedert 2011 toe die Institusionele Bestuurskomitee ‘n konseptuele raamwerk vir so ‘n kantoor goedgekeur het.”

Die hersiene struktuur is uiteindelik in November verlede jaar goedgekeur. Die doelwit is om dit vir die departement moontlik te maak om gedurende die volgende vyf jaar die fokus te verskuif na die verskaffing van strategiese programme en ondersteuning vir die langtermyn finansiële volhoubaarheid van die NWU.

ALLES ONDER EEN DAK

“Die NWU het besluit om beste praktyk te volg en ontwikkeling en alumniverhoudinge náás korporatiewe kommunikasie, belanghebberverhoudinge, handelsmerkbestuur en webwerfbestuur onder die sambreel van Institusionele Bevordering te inkorporeer,” sê dr Theuns.

“Soos wat verskeie suksesvolle instansies al bewys het, maak hierdie benadering beter koördinerende tussen verskeie funksies van institusionele bevordering moontlik, en verseker dit dat hulpbronne optimaal benut word, sonder duplisering,” sê hy. Volgens Phumzile het die ekonomiese klimaat en dalende staatsondersteuning die NWU gedwing om noukeuriger na fondswerwingsbedrywighede te kyk. “Ons het institusionele bevordering as ‘n strategiese

prioriteit in die Institusionele Plan geïdentifiseer ten einde institusionele kapasiteit te ontwikkel om derdegeldstroom-inkomste te verhoog.”

Volgens Phumzile gaan bevordering oor ‘n holistiese denkwys. “Dit gaan oor baie meer as fondswerwing – dit gaan oor die bou, instandhouding en verbetering van ondersteuning, netwerke, vaardighede en ander hulpbronne om te verseker dat ‘n instelling volhoubaar is.”

DIE SLEUTEL TOT OORLEEF EN FLOEER

Die meeste Suid-Afrikaanse universiteite het bevorderingsinisiatiewe van stapel gestuur. “As universiteite wil floreer, moet hulle aktief soek na nuwe bronne van ondersteuning deur effektiewe bevorderingspraktyke, veral nou dat wêreldekonomieë swak vaar,” sê Phumzile.

“Die visie van Institusionele Bevordering is om die NWU strategies te ondersteun deur die bou van sterk verhoudings met belanghebbers en die ontsluiting van privaat fondswerwingsgeleenthede ter ondersteuning van die langtermyn finansiële volhoubaarheid van die instelling. Die departement streef daarna om ‘n klimaat te skep wat die instelling reg posisioneer vir investering.

“Die NWU is in die bevoorregte posisie dat ons die volle ondersteuning van die Raad, die visekanselier en die drie kampusrektors geniet. Almal van hulle het hulself tot hierdie strategiese fokus verbind. Hulle ondersteuning is belangrik om die inkoop van die sleutelbelanghebbers van die NWU te verseker, intern sowel as ekstern.”

“Institusionele bevordering het effe agterweë gebly gedurende die tydperk van aanpassing by die samesmelting,” sê dr Theuns. “Die nuutste Institusionele Plan is dus ‘n poging om hierdie tekortkominge uit die weg te ruim. Die twee areas wat deesdae spesifieke aandag kry, is internasionalisering en institusionele bevordering.

“Hoewel albei hierdie funksies wel in die verlede aandag gekry het, was dit nie gefokusd genoeg nie,” sê hy.

Ordering fokus op

KRITIEKE VAARDIGHEDE VIR FONDSWERWING

Die universiteit fokus tans daarop om 'n proses daar te stel en te implementeer waarvolgens hulle aandag kan gee aan kapasiteits-gapings ten opsigte van fasiliteite, toerusting, mensehulpbronne, stelsels en personeel-ontwikkeling, om te verseker dat Institusionele Bevordering optimaal funksioneer. Sterker bevorderingsvaardighede is van kritieke belang vir fondswerwing.

Terselfdertyd sal 'n proses regoor die Institusionele Kantoor en drie kampusse begin ontvou om met relevante rolspelers te skakel en hul insette te verkry vir 'n geïntegreerde bevorderingstrategie met goed gedefinieerde doelwitte wat in lyn is met die Institusionele Plan.

Hierdie strategie sal ondersoek instel na die moontlikheid om gedurende die volgende vyf jaar 'n veldtog te ontwikkel en te implementeer, tesame met ander filantropiese programme om die universiteit se derdegeldstroominkomste te verhoog.

“Dit is belangrik om 'n institusionele bevorderingstrategie te ontwikkel wat daarop gemik is om die universiteit as geheel te ondersteun, sonder om die spesifieke behoeftes van elk van die kampusse of projekte uit die oog te verloor,” sê Phumzile. “'n Holistiese benadering kan 'n omgewing daarstel waar ons almal saamwerk om die NWU te bevorder. Elke departement, fakulteit en afdeling op elke kampus het 'n belangrike rol om te speel.”

Hierdie geïntegreerde benadering sal ook help om die idee van 'eenheid in diversiteit' in die gemoedere van die universiteit se sleutelbelanghebbers te vestig. Deur die ontwikkeling van 'n geïntegreerde bevorderingstrategie wil die NWU 'n grondslag lê waarvandaan die betrokkenheid van tersaaklike rolspelers, kapasiteitsbou en onmiddellike bedryfsplanne verseker kan word.

Die doel van die Departement Institusionele Bevordering is om strategiese rigting te verskaf, beleide te vestig, die aktiwiteite op die drie kampusse te belyn, kampusse te help met kapasiteitsbou en hulle met sekere spesialisfunksies te ondersteun.

WIE DOEN WAT?

Ontmoet die direkteure en bestuurders van Institusionele Bevordering wat die kampusse ondersteun.



DIREKTEUR: KORPORATIEWE KOMMUNIKASIE EN BELANGHEBBERVERHOUDINGE Mnr Louis Jacobs

- Eksterne kommunikasie
- Interne kommunikasie
- Intranet
- Korporatiewe publikasies
- Belanghebberverhoudinge
- Reputasiebestuur



DIREKTEUR: ONTWIKKELING EN ALUMNIVERHOUDINGE Me Nina Brazer

- Navorsing oor moontlike geleenthede
- Die skryf van voorstelle
- Ontwikkeling (fondswerwing)
- Skenker-erkenning en rentmeesterskap
- Databasisbestuur
- Finansiële administrasie van skenkings
- Alumniverhoudinge



BESTUURDER: HANDELSMERK Me Lindi Cameron

- Handelsmerkposisionering
- Bestuur van korporatiewe identiteit
- Interne handelsmerkbelyning
- Promosie-items
- Bemaking



BESTUURDER: WEBWERF Mnr Cobus Steenkamp

- Webwerfontwikkeling
- Inhoudsontwikkeling en -bestuur
- Webwerfdata-ontleding
- Integrasie van sosiale media

Beleid stuur mediaskakeling

Die NWU-raad het op 21 September 2012 vir die eerste keer 'n mediabeleid vir die hele NWU goedgekeur.

Dié beleid vervang alle vorige mediabeleide wat op die kampusse bestaan het en geld vir alle personeel en studente van die NWU.

Die mediabeleid wil verseker dat inligting tydig versprei word en dat dit akkuraat, gesaghebbend en konstruktief is.

Die beleid is verder daarop gerig om onder meer goeie verhoudinge met die media te handhaaf, die NWU se Institusionele Plan en die kampusplanne te ondersteun, en die NWU se reputasie en handelsmerk te beskerm en uit te bou.

AMPTELIKE WOORDVOERERS

Volgens die mediabeleid is die amptelike NWU-woordvoerder vir sake wat die universiteit in geheel raak, in die eerste plek dr Theuns Eloff, die visekanselier, of andersins me Phumzile Mmope, Uitvoerende Direkteur: Institusionele Bevordering, of mnr Louis Jacobs, die direkteur van Korporatiewe Kommunikasie en Belanghebbenderverhoudinge by die Institusionele Kantoor.

Wanneer 'n media-navraag oor kampusaangeleenthede gaan, moet dit verwys word na die spesifieke kampusrektor, die kampus se direkteur vir bemaking en kommunikasie (of sy afgevaardigdes), of die NWU-kundiges wat kennis oor die spesifieke onderwerp het.

“Die NWU moedig sy kundiges aan om betrokke te raak in openbare debatte of om kom-

mentaar te gee oor 'n bepaalde onderwerp. Media-opleiding is ook beskikbaar vir hulle, veral voor hul eerste onderhoud,” sê Louis.

Wanneer kundiges met die media skakel, moet hulle – afhangende van waar hulle werk – die direkteure van die departemente vir bemaking en kommunikasie op hul kampusse (of die direkteur van Korporatiewe Kommunikasie en Belanghebbenderverhoudinge by die Institusionele Kantoor) daarvoor inlig, sodat hulle dit kan opvolg deur te kyk of die onderhoud wel gebruik is en in watter media.

MOENIE SELF REAGEER NIE

Ander personeel en studente, insluitende kommunikasiebeamptes verbonde aan fakulteite en skole, moenie mediakontak inisieer of direk op media-navrae reageer nie.

Indien 'n joernalis hulle direk kontak, moet hulle volledige inligting vra. Dit sluit in die joernalis se naam, kontakbesonderhede, publikasie of program se sperdatum en -tyd, onderwerp, en wat presies die versoek is – byvoorbeeld 'n aanhaling, verklaring of agtergrondinligting.

Hierdie inligting moet dan dadelik deurgegee word aan die betrokke besigheidseenheid se departement vir bemaking en kommunikasie, en die joernalis moet op hoogte gehou word van sake.

“Ons wil nie mense aan bande lê nie, maar met soveel duisende studente en personeel is dit werklik noodsaaklik – nes by enige ander groot organisasie – om skakeling met die

media te koördineer,” sê Louis. Indien persoonlede glo dat hulle 'n positiewe nuus storie het om met die publiek te deel, moet hulle – afhangende van waar hulle werk – hul kampusse se departemente vir bemaking en kommunikasie of die direkteur van Korporatiewe Kommunikasie en Belanghebbenderverhoudinge by die Institusionele Kantoor vra om hulle te help om met die media in verbinding te tree.

ONVERWAGSE BESOEKE

Wanneer personeel te doen kry met verslaggewers en kameraspans wat onaangekondig opdaag, moet hulle ook hul departement vir bemaking en kommunikasie onmiddellik daarvan laat weet.

“Hoewel die NWU nuusfotografe, videografe en uitsaaiers by sy besigheidseenhede verwelkom en ons hulle nie kan verbied om die buitekant van ons fasiliteite af te neem nie, mag hulle dit nie sonder toestemming betree nie,” sê Louis.

Wanneer die departemente vir bemaking en kommunikasie in kennis gestel is, sal hulle die kameraspans se nuuskantoor of die fotograaf se redakteur kontak vir meer duidelikheid indien nodig.

Hulle sal egter nie die media toelaat om iets af te neem sonder om die saak vooraf met die bestuurder van die betrokke fasiliteit uit te klaar nie.

“Onthou: hoe aangenaam en meelewend die verslaggewer, fotograaf of kameraspans ook al is, alles wat gesê en gedoen word, sal fyn waargeneem en gerapporteer word as deel van hul poging om die storie vir die gehoor te laat leef,” waarsku Louis.

Die mediabeleid is beskikbaar op die NWU-webtuiste. Klik op Bestuur en Korporatiewe Bestuur in die regterkantste kolom van die landingsbladsy, en daarna op Beleide en Reëls. Die mediabeleid word gestoor onder die opskrif: Beleide rakende die handelsmerk, bemaking en kommunikasie.

Indien daar in die toepassing van die beleid tekortkominge opgemerk word, kan dit aan Louis by louis.jacobs@nwu.ac.za uitgewys word, sodat dit in ag geneem kan word wanneer die beleid hersien moet word.



Die drie direkteure van Bemaking en Kommunikasie op die NWU-kampusse is van links mnr Koos Degenaar (Mafikengkampus), mnr Theo Cloete (Potchefstroomkampus) en dr John Maloma (Vaaldriehoekkampus).

Konferensie ondersoek navorsing oor onderrig-leer

Van 10 tot 23 November 2012 het 80 akademi en akademiese ondersteuningspersoneel van regoor die NWU die universiteit se tweede Vakkundigheid van Onderrig en Leer-konferensie op die Potchefstroomkampus bygewoon.

“Vakkundigheid van onderrig en leer gaan oor navorsing wat gemik is op die verbetering van ons begrip van onderrig-leer-praktyke,” sê dr Muki Moeng, Direkteur: Onderrig-Leer in die Institusionele Kantoor.

Die wêreldbekende kundige op die gebied van vakkundigheid van onderrig en leer, dr Anthony Ciccone van die Universiteit van Wisconsin-Milwaukee, het by die konferensie as gasspreker en werkswinkelfasiliteerder opgetree.

Die hooftema van die konferensie was: “Die bou van ‘n gemeenskap van praktyk in onderrig en leer”, en onderwerpe soos tegnologiese

verbeterde leer, studentebetrokkenheid, studentesteun en personeelontwikkeling is bespreek.

‘n Paar NWU-personeellede wat al die Institusionele Toekenning vir Onderriguitnemendheid (ITOU) ontvang het, het ook hul onderrig-leerkundigheid met afgevaardigdes gedeel.

Temas wat aangeraak is, wissel van die gebruik van e-leerprogramme tot die hantering van swak voorbereide studente en die bekendstelling van vakkundigheid van onderrig en leer deur induksieprogramme vir nuwe dosente.

Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning het die 2012-konferensie in samewerking met kollegas van die kampusse georganiseer. Die konferensie gaan ‘n jaarlikse instelling op die NWU-kalender word, met die 2013-konferensie wat vanaf 19 tot 22 November sal plaasvind.



Die gasspreker, dr Anthony Ciccone van die Universiteit van Wisconsin-Milwaukee (regs) bespreek die fynere puntjies van onderrig en leer met een van die konferensiegangers, mnr Jean Kananugire van die Mafikengkampus.

Waaroor die vakgebied gaan

Dr Muki sê die vakkundigheid van onderrig en leer het sy oorsprong in die negentigerjare en is dus ‘n relatief nuwe perspektief op onderrig en leer.

Dit is deesdae regoor die wêreld bekend, veral in die VSA en die Verenigde Koninkryk.

“Sover ek weet, is die NWU die enigste universiteit in Suid-Afrika wat jaarliks ‘n konferensie oor die vakkundigheid van onderrig en leer aanbied, en wie se vakkundige projekte vanuit strategiese fondse befonds word.

“Die idee van vakkundigheid van onderrig en leer het nog nie behoorlik posgevat by Suid-Afrikaanse universiteite nie, maar daar is tog klein inisiatiewe wat plaasvind, al noem hulle dit nie noodwendig vakkundigheid van onderrig en leer nie.”

Volgens dr Muki maak die NWU goeie vordering met die vestiging van die vakkundigheid van onderrig en leer.

“Die NWU-raad het strategiese fondse goedgekeur om projekte te ondersteun wat deur akademi en as groepe of individue aangepak sal word.

“So bou ons gemeenskappe van praktyk wat nadink oor praktyk met die bedoeling om onderrig en leer te verbeter en om die onderrig-leer-strategie van die NWU te beïnvloed.

“Dit sal dan weer ‘n impak hê op die universiteit se onderrig-leer-kultuur.”

Alles wat hier sta

In ons reeks oor NWU-dekane kuier ons hierdie keer by prof Dawid Gericke, die dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde op die Mafikengkampus. Hy gesels oor sy ervarings in lande soos Mauritius en Namibië, sy betrokkenheid by onderwys, sy fakulteit se prestasies, en sy voorliefde vir klassieke musiek.

Om iets van prof Dawid Gericke te verstaan, moet jy hom vra om vir jou 'n grap te vertel.

Dit sal iets wees soos dié: "Op 'n bladsy staan geskryf: 'wat agter op die bladsy staan, is nie waar nie'. As jy die bladsy omdraai, staan daar: 'wat agter op die bladsy staan, is nie waar nie'."

Sulke postmoderne grappe laat hom lag, al erken hy dat dit soms sinneloos of vreemd kan voorkom.

Prof Dawid se aweregse sin vir humor is dalk nie iets wat hy met almal in gemeen het nie, maar sy passie vir opvoedkunde en sy skerp intellek lei daartoe dat hy wyd gerespekteer word as akademikus.

ALLES HET HIER BEGIN

Prof Dawid is 'n Vrystater in murg en been. Hy het sy tande gesny op die plattelandse dorpie, Vredefort en nadat hy daar matriek geskryf het, het hy aan die Universiteit van die Vrystaat

Opvoedingsfilosofie studeer. Sedertdien het hy sy vlerke wyd gesprei.

Nadat hy vir 'n ruk skoolgehou het, het hy sy akademiese loopbaan as dosent in Opvoedingsfilosofie en Afrikaans aan die Fakulteit Opvoedkunde van die Universiteit van Zululand begin.

Daarna, in 1980, is hy Namibië toe waar hy eers by die Onderwysdepartement en toe by die Universiteit van Namibië betrokke was. Terwyl hy by die universiteit was, het hy onder meer kurrikulums vir afstandsonderrig en onderwyser-opleiding ontwikkel.

Sy volgende bestemming was Mauritius, waar hy vir vyf jaar lank 'n professionele opleidingsprogram vir dosente aangebied het.

KLEURVOLLE KULTURE

Beide Namibië en Mauritius het 'n blywende indruk op hom gemaak. Hy sê die aangename mense en die wye, oop ruimtes van Namibië sal hom altyd bybly. Die Mauritanie, voeg hy by, is van die aangenaamste mense met wie

hy al gewerk het, "ten spyte van die effense gesukkel om Engels met 'n sterk Franse nasale klank te verstaan."

Sy ondervinding met verskillende kulture is verder verbreed toe hy – in die middel-negentigerjare – as deel van 'n akademiese uitruilprogram vir 'n ruk in Amerika gewoon en gewerk het.

Sy verblyf in hierdie lande het sy belangstelling in kulturele diversiteit verder geprikkel. Dit is dus geen wonder dat verskeie van die akademiese artikels wat hy geskryf en gepubliseer het, oor interkulturele studies was nie.

Wat verskillende kulture betref, sê prof Dawid die ryk kultuurerfenis in Hongarye en Pole fascineer hom en hy sal hierdie lande graag eendag wou besoek. Veral hul geskiedenis met die Kelte en Romeine, hul musiek, kunsskatte en wonder-skone argitektuur laat sy hart vinniger klop.

BETROKKE BY ONDERWYS:

DIE GROTER PRENTJIE

Deur die jare het prof Dawid 'n lewendige belangstelling in die onderwys en opleiding van volwassenes en in onderrig-leer in hoër onderwys ontwikkel.

'n Belangrike nasionale onderwysprojek waarby hy betrokke was, was die beplanning en implementering van die uitkomsgebaseerde onderwysstelsel (UGO) in hoëronderrig-omgewings, veral by die destydse teknikons.

Hy beskryf UGO as 'n onderwysbenadering wat nou verband hou met die skep van konstruktivistiese leeromgewings- en geleenthede. "Dit beteken onder andere dat die leerder kennis moet konstrueer en na betekenis soek wat met sy ervaring verband hou.

Die Gericke's hou bruilof: by prof Dawid is van links sy vrou, Lucia, sy skoonseun, Corné van Zyl, sy dogter, Woudré van Zyl, en sy seun, Dawid Gericke.



an, is waar

“Betekenisgewing is belangrik, nie net die inhoudverwerking nie,” sê prof Dawid wat oor die jare verskeie referate oor transformasie en konstruktivistiese leerprosesse in hoër onderwys by nasionale en internasionale konferensies gelewer het.

En wat is sy mening oor UGO? “Dit is myns in-siens verkeerd verstaan en toegepas. Sommige onderwysers het gedink dit wentel hoofsaaklik om groepwerk. Dit was egter net een klein onderdeel daarvan.

“Die fokus moes veel eerder op eie interpretasie geval het en nie net die weergee van boekinhoud nie. En die metodes van onderwys moes verander het na meer selfwerksaamheid, eie interpretasie en toepassing binne werklike omstandighede – iets wat maar min gebeur het.”

FAKULTEIT IS SY TROTS

Voor prof Dawid hom in die Noordwes-provinsie gevestig het, het hy verskeie jare in Gauteng deurgebring. Hy was onderskeidelik rektor van die Oos-Randse Opleidingskollege, ’n senior dosent by Technikon SA en ’n opleidingsfasiliteerder by Tshwane Universiteit vir Tegnologie.

In 2007 het hy die besige stadslewe vir die rustigheid van die platteland verruil toe hy vanaf 1 Februarie daardie jaar as dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde op die Mafikeng-kampus aangestel is.

Sedert sy aanstelling kan die fakulteit met verskeie suksesverhale spog. Een hiervan is die

konsolidasie, herstrukturering en herfokus van die fakulteit se aktiwiteite.

Twee van die oorspronklike drie skole in die fakulteit het saamgesmelt, naamlik Voorgraadse Studies en Voortgesette Opleiding. Die nuwe skool staan bekend as die Skool vir Onderwysersopleiding. Die derde skool is ook hernoem – dit is nou die Skool vir Onderwysleierskapsontwikkeling.

Daarby word ’n nuwe eenheid, die Sentrum vir Onderwysersontwikkeling, gestig en word nuwe programme wat op professionele ontwikkeling van onderwyspersoneel in skole en onderwysdepartemente fokus, in die vooruitsig gestel.

Prof Dawid is getroud met Lucia, ’n afgetrede onderwyser-bibliotekaris wat tans haar eie private biblioteek in Parys bestuur.

Hulle het twee kinders, Woudré en Dawid, drie kleinkinders en ’n vierde een wat op pad is. Albei sy kinders is in die IT-wêreld en werk met goed wat vir prof Dawid na “vreemde winde van lering klink”.

Met die einde van die bladsy en hierdie artikel in sig, is alles wat hier staan – aan weerskante van die bladsy – steeds waar. Tog is dit nog lank nie die einde van prof Dawid se NWU-verhaal nie.

As dekaan skryf hy steeds aan ’n storie gevul met drome, ambisie en toekomstige sukses.

Prof Dawid Gericke



Ander interessantheide

Hiervoor staan die H in DH Gericke: Hercules.

My gunstelingdis: Enige hoenderdis en nasionale poeding (roly-poly) soos net my vrou dit kan maak.

My gunstelingboek: *Tod in Venedig* van Thomas Mann.

My gunstelingfliek: Kieslowski se filmiese drielui *Three colours White, Blue and Red*; alle films van Woody Allen en Pedro Almodovar.

Hierdie dier bewonder ek: Die arend,

vir sy perspektief. Daarby vang ’n arend geen vlieë nie.

Van hierdie eienskappe in mense hou ek baie: Humorsin, integriteit, visie en diepgang.

Hiervan hou ek glad nie: Selektiewe moralisme – wanneer mense hulle beroep op norme en waardes soos dit hulle pas.

Met hierdie beroemde persoon sal ek graag wou gesels: Ek sou lank met Johann Sebastian Bach wou praat oor sy

kreatiwiteit, interpretasies en musikale ge-

staltegewing.

My kosbaarste besittings: Boeke en musiek-CD’s.

My gunstelingvakansieplek: By die see.

Die ongewoonste situasie waarin ek my nog ooit bevind het: Besoeke aan skole op die noordgrens van Namibië tydens die oorlog daar in die 1980’s.

My stokperdjies/belangstelling: Barok-musiek van veral Vivaldi, Händel en by uitstek Bach. Ek lees ook graag boeke van Lee Child vir ontspanning.

Dr Manyedi deel van ministeriële komitee ter bekamping van dwelmmisbruik

Dr Eva Manyedi is onlangs aangewys as lid van die Sentrale Dwelmowerheid (SDO) in die Departement Maatskaplike Ontwikkeling.

Dr Eva, die gehalteversekeringskoördineerder in die Skool vir Verpleegkunde, is aangewys op grond van haar gespesialiseerde kennis en ervaring van die voorkoming van dwelm- verwante probleme.

Sy sal saam met die ander komiteelede verantwoordelik wees vir die beplanning, koördinerende en bevordering van maatreëls om dwelmmisbruik in die land te voorkom en te bekamp. Die komitee moet ook dwelmafhandlikes inlig oor die behandelingsopsies wat beskikbaar is vir hulle.

“Die aanstelling is nie net vir my ‘n groot prestasie nie, maar ook vir die NWU en die Mafikengkampus in die besonder,” sê dr Eva.

Die SDO bestaan uit 12 kundiges op die gebied van dwelmmisbruik, wat aangestel is deur die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling na afloop van verlede jaar se benoemings- en onderhoudsproses. Hulle sal vir ‘n tydperk van vyf jaar lank dien.

Dr Eva Manyedi: “Dwelmmisbruik is ‘n wêreldwye probleem wat hoofsaaklik die jeug raak, daarom is dit belangrik dat SDO-programme gepopulariseer word by hoëronderrwysinstansies waar groot groepe jongmense bymekaar is.”



2013-oriëntering gee eerstejaars ‘n voorsprong

“Hier begin een van die grootste avonture van jou lewe – om ‘n universiteitstudent te wees!” Dit was die woorde van prof Dan Kgwadi, rektor van die Mafikengkampus, tydens die opening van die 2013-eerstejaarsoriëntering.

Die oriëntering het plaasgevind vanaf Maandag, 28 Januarie tot Sondag, 3 Februarie, waartydens die studente bekendgestel is aan die kampus en ook deelgeneem het aan ‘n afkampustoer.

Tydens die ontvangs het prof Dan ongeveer 2 500 eerstejaarstudente toegesprek. “Hierdie program sal jou ‘n voorsprong gee deur jou te leer hoe om ten volle voordeel te trek uit die baie opvoedkundige, maatskaplike en kulturele geleenthede wat op jou wag in die volgende paar jaar van studentwees,” het hy gesê.

Die eerstejaars is onder meer ingelig oor die akademiese reëls en die veiligheidsvoorsorgmaatreëls deur die kampusregistrator, mnr Robert Kettles, en ‘n polisievertegenwoordiger.

Me Tshagofatso Sephai, ‘n eerstejaarstudent in BCom Geoktrooieerde Rekeningkunde, het gesê sy was opgewonde oor die oriënteringsprogram en dat sy baie geleer het. “Ek dink dis baie belangrik, want dit gee ons as eerstejaars insig in die kampus se akademiese prosedures en baie ander dinge.”

Tydens die opening van die 2013-oriënteringsprogram het prof Dan Kgwadi benadruk dat oriëntering daar is om eerstejaars op ‘n suksesvolle kampus- en universiteitservaring voor te berei.



CText® deel van reuse tegnologiese sprong vir SA tale

Die Sentrum vir Tekstegnologie (CText®) is deur die Departement van Kuns en Kultuur aangewys om Suid-Afrika se eie Hulpbronbestuursagentskap (HBA) tot stand te bring.

Hulle sal vanaf 'n sentrale punt verantwoordelik wees vir die bestuur en verspreiding van herbruikbare digitale teks- en spraakhulpbronne vir al die amptelike tale in die land.

Hierdie hulpbronne is baie belangrik vir navorsing en ontwikkeling in die domein van mensetaal tegnologiese (MTT) vir toepassing op plaaslike tale. Voorbeelde van MTT-toepassings is geoutomatiseerde telefooninligtingstelsels, GPS-stelsels, spel- en grammatikatoetsers, en masjiënvertaalstelsels wat in verskeie Suid-Afrikaanse tale funksioneer.

Hierdie toepassings word al hoe meer in mobiele toestelle gebruik, en dit bied aan Suid-Afrikaners ongekende toegang tot inligting en dienste in plaaslike tale.

“Die totstandbrenging van die HBA is die verwesenliking van 'n langverwagte ideaal om plaaslike tale te bemagtig vir gebruik in moderne kommunikasiestelsels,” sê prof Justus Roux, die direkteur van die Navorsingseenheid vir Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks en een van die stigters van die HBA.



Volgens prof Justus Roux is Suid-Afrika en Indië die enigste twee lande wat 'n spesifieke strategie het vir die ontwikkeling van taal tegnologiese wat daarop gemik is om kommunikasie tussen taalgroepe in hul onderskeie samelewings te fasiliteer.

Die eerstejaars sak toe



Trotse ouers! Prof Herman van Schalkwyk, hul seun, Neil, en mev Rélyne van Schalkwyk tydens die Potchefstroomkampus se ontvangs van 2013 se eerstejaarstudente.

Nagenoeg 4 000 voornemende eerstejaarstudente en hul ouers is Saterdag 12 Januarie 2013 ontvang vir die eerste dag van wat ongetwyfeld 'n vreugdevolle en verreikende universiteitservaring sal wees.

Prof Herman van Schalkwyk, die rektor van die Potchefstroomkampus, is een van die trotse ouers wie se kind in 2013 by die NWU gaan studeer. Sy seun, Neil, het ingeskryf vir BCom Geoktrooieerde Rekenmeesterskap.

Hy het die volgende boodskap aan 'n volgepakte amfiteater oorgedra: “Vra maar vir enige van ons personeel, senior studente en oudstudente – dit is lekker om 'n NWU-student te wees!”

Navorsers plaas mariene-afval op internasionale agenda

Hul besoek aan 'n afgeleë eilandgroepie om voëleiers vir toksiese stowwe te toets, het gelei tot 'n nuwe wêreldwye klem op die probleem van mariene-afval.

Dié eilande, bekend as die Sint Brandon-eilande, is ongeveer 430 km noordoos van Mauritius. Prof Henk Bouwman, 'n dierkundige verbonde aan die Skool vir Omgewingswetenskappe en Ontwikkeling, dr Steven Evans, 'n postdoktorale student aan die NWU, en dr Nik Cole van die Durrell Natuurlewebewaringstrust in Jersey het die eilande in 2012 besoek.

Hul doelwit was om te bepaal of besoedeling meetbaar was in voëleiers.

Volgens prof Henk het hulle baie uitgespoelde gemors en plastiese afval langs die kuslyn van die eilande gekry. Te oordeel aan die rigting van seestrome en die identifiseerbare handelsmerke kom dit van Indonesië, Maleisië en ander lande in Suidoos-Asië.

As lid van die wetenskaplike en tegniese adviespaneel van die Wêreldwye Omgewingsfasiliteit

'n Roetsterretjie met haar kuiken en eiers op Albatroseiland. Tydens sy besoek het prof Henk Bouwman afgekom op 'n superkolonie van ongeveer 600 000 roetsterretjies.

was prof Henk een van die outeurs van 'n verslag oor mariene-afval vir die paneel.

Volgens hom werp die verslag reeds vrugte af en is mariene-afval nou hoog op die internasionale agenda.

Hy beplan om terug te keer na Sint Brandon en soortgelyke afgeleë eilandjies om navorsing te doen oor die vraag of plastiese afval 'n negatiewe impak het op die eiland se ekologie, en oor hoe die konsentrasie plastiese produkte geïsoleerde eilande affekteer.



Dit begin alles hier vir die klas van 2013

Die Vaaldriehoekampus bars uit sy nate met meer as 1 600 eerstejaarstudente wat vir die nuwe akademiese jaar deel geword het van die uitgebreide kampusfamilie.

Die rektor, prof Thanyani Mariba, het die nuweling geluggewens met hul keuse om aan die kampus te studeer en het die belangrikheid van keuse en verantwoordelikheid benadruk – wat betref akademiese verpligtinge sowel as sosialisering.

Hy het die studente aangemoedig om verder as die hier en die nou te kyk – hulle moet proaktief vorentoe kyk na die soort toekoms wat hulle vir toekomstige geslagte in gedagte het.

“As universiteitstudente is julle nie net hier om ’n studierigting te bemeester of om juisself voor te berei op ’n toekomstige loopbaan nie – julle is ook hier om te belê in die toekoms om van die wêreld ’n beter plek te maak, met groter visie en ’n gees van hoop en sukses,” het prof Thanyani gesê.

Die Vaaldriehoekampus het meer as 1 600 eerstejaarstudente verwelkom.



Me Betha Hays (links), voorsitter van die Internasionale Studentekomitee, en mnr Tumaole Albert Tsoelipe, die komitee se openbare betrekkinge-beampte, blaas die Internasionale Kantoor se beuel.

Internasionale profiel gaan met rasse skrede vooruit

Die Internasionale Kantoor op die Vaaldriehoekampus doen goeie werk en die internasionalisering van die kampus vorder baie goed, sê me Angelique van Rensburg, hoof van die kantoor.

Die kantoor het in 2011 tot stand gekom en is die eerste aanmeldingspunt vir alle internasionale studente of postdoktorale genote wat by die kampus wil studeer.

In 2011 het die kantoor 74 studente verteenwoordig, maar 2012 se 26%-groei het die studentetelling op 93 te staan gebring.

Die graadverwerwing van 15 internasionale studente gedurende 2012 was ook ’n groot mylpaal. Volgens Angelique het 30 internasionale eerstejaarstudente vanjaar by die studentegemeenskap aangesluit.

Altesaam 25 lande word tans op die kampus verteenwoordig. Behalwe vir heelwat Afrikanalande is daar ook studente van plekke so uiteenlopend soos China, Kuba, Pole, Pakistan, Duitsland, Amerika en Portugal. Postdoktorale genote vanaf Turkye, Tanzanië en Nigerië dra ook tot die kampus se multikulturele en meer-talige atmosfeer by.

Ernstige samewerking met Mandela 27 Jaar-projek beplan

Die kampus se Instituut vir Ernstige Speletjies (SGI-SA) gaan met die Europese Unie saamwerk aan die ontwikkeling van ’n Mandela 27 Jaar-projek ter bevordering van interkulturele dialoog in ’n medium waarmee jongmense baie vertrou is.

Die projek, bekend as Mandela27, is gebaseer op die ikoniese storie van Nelson Mandela en die wêreldbekende Robbeneilandmuseum. Dit behels ’n fisiese uitstalling van Mandela se tronksel en ’n eCulture-platform.

Wanneer besoekers die uitstalling binnegaan, sal hulle na die Nelson Mandela-storie kan luister en in die tronkbinneplaas sal hulle ’n ernstige speletjie kan speel.

Die eCulture-platform sal dit vir toeriste moontlik maak om Robbeneiland deur middel van ’n interaktiewe kaart te verken, met verwysings na die kulturele gebeure wat regoor Europa en Suid-Afrika afgespeel het gedurende die 27 jaar van Mandela se gevangenskap, van 1963 tot 1990.



Leiers leer meer oor mensekapitaal

A ltesaam 33 NWU-dekane, -direkteure en -bestuurders het die eerste van drie werkwinkels wat deel vorm van die Oriënteringsprogram vir Nuwe Bestuurders op 21 en 22 November 2012 by die Institusionele Kantoor bygewoon.

Die werkwinkel het op mensekapitaal gefokus en onderwerpe wat bespreek is, sluit in bywoning en dissipline, diversiteit en indiensnemingsgelykheid, die skep van 'n gesonde, produktiewe en stresvrye werksplek, en prestasiebestuur.


Die daaropvolgende werkwinkels sal op finansiële en regspraktyke en -prosedures fokus en sal onderwerpe soos risikobestuur en transformasie insluit. Dit word van nuwe bestuurders verwag om die Oriënteringsprogram vir Nuwe Bestuurders binne 12 maande ná aanstelling te voltooi.

“Die program is ontwikkel om nuwe bestuurders toe te rus met die nodige kennis en hulpmiddels om hul leierskapsrolle effektief te vervul,” sê me Helen Mogorosi, Direkteur: Mensekapitaalontwikkeling.



Mnr Victor Mothobi, Uitvoerende Direkteur: Mensekapitaal (tweede van regs), kuier saam met sommige van die bestuurders en direkteure wat die Oriënteringsprogram vir Nuwe Bestuurders bygewoon het. Hulle is van links me Suzette Oosthuizen van Mensekapitaal op die Mafikengkampus, me Yolani Geldenhuys, bestuurder van Graphikos op die Potchefstroomkampus, en dr John Maloma, direkteur van Bemaking en Kommunikasie op die Vaaldriehoekkampus.

MarkWrite: 'n merkassistent tot jou (elektroniese) diens



Belangstellendes kan tot in Junie 2013 MarkWrite, 'n sagtewareprodukt vir die merk van opdragte in elektroniese formaat, gratis gebruik.

Die gebruik van webgebaseerde e-leeromgewings soos eFundi lei daartoe dat studente werkstukke in elektroniese formaat inhandig.

MarkWrite, ontwikkel deur die Sentrum vir Tekstegnologie (CTeX^T) op die Potchefstroomkampus, is die ideale elektroniese merkassistent om dosente te help om hierdie werkstukke vinniger, akkurater en meer konsekwent te merk.

“Enigiemand wat al ooit groot hoeveelhede studentewerkstukke moes merk, kan getuig van die tydrowendheid daarvan, veral as 'n mens vir studente goeie, bruikbare terugvoer

wil gee,” sê dr Henk Louw van die Skool vir Tale wat gehelp het met die ontwikkeling van die programinhoud.

Dr Henk sê afsnydatums laat dosente dikwels nie toe om veel meer as net die gebruikelike regmerk of kruisie te maak nie.

Sulke terugvoer kan soms onduidelik wees en studente laat met vrae soos: “Waarom is dit verkeerd?” en “Hoe kan ek dit verbeter?”. Die gevolg hiervan is dat studente nie altyd weet hoe om soortgelyke foute in die toekoms te vermy nie.

Hoewel soortgelyke sagteware al die lig gesien het, spog MarkWrite met verskeie unieke funksies. Dié funksies sluit in gestandaardiseerde terugvoer (wat vir enige vakgebied pasgemaak kan word), outomatiese generering van

footstatistieke en die vermoë om met so min as drie muisklikke breedvoerige terugvoer aan studente te gee.

Van hierdie terugvoeropsies is in 'n gekontroleerde nagraadse studie ontwikkel en bied vir die eerste keer aan dosente 'n maatstaf vir die evaluasie van langer werkstukke.

“CTeX^T het besluit om 'n spesiale vergunning te maak en MarkWrite vir 'n ruk lank gratis beskikbaar te stel,” sê mnr Wildrich Fourie, bestuurder van Toepassings by CTeX^T.

Belangstellendes kan www.nwu.ac.za/ctext besoek om dit maklik af te laai, of om te sien hoe dit werk.

Die span by CTeX^T verwelkom ook enige terugvoer of voorstelle.



Bedryfsprosesse

Enige instansie moet soms sy stelsels vernuwe om met veranderende omstandighede en beste praktyk tred te hou. In die lig hiervan gaan die NWU die bedryfsprosesse wat Mensekapitaal en Finansies ondersteun, oor die volgende twee jaar aanpas. Eish! het met mnr Erik Marx, die programbestuurder van Inligtingstegnologie Sentraal, gepraat oor die KOI-projek wat uitgerol gaan word.

V: *Waarvoor staan KOI en waar het hierdie naam vandaan gekom?*

A: Dit staan vir die Quali-Oracle Initiative. Ons het 'n kompetisie onder die kollegas van Mensekapitaal en Finansies geloods en me Antonet Muller van Finansiële Stelsels en Inligting het met hierdie naam vorendag gekom.

V: *Wat behels die KOI-projek?*

A: Dit gaan oor twee groot veranderinge wat ons oor die volgende twee jaar gaan aanbring. Die eerste verandering gaan veral oor die mensekapitaalstelsel.

Ons gebruik tans Oracle 11 en gaan opgradeer na Oracle 12, aangesien die Oracle 11-weergawe vanaf Augustus 2013 nie meer deur Oracle ondersteun gaan word nie.

Die tweede verandering gaan oor ons finansiële stelsel. Ons gebruik tans Oracle 11, maar in plaas daarvan om na Oracle 12 toe oor te gaan, gaan ons Quali Financial System (KFS) begin gebruik.

V: *Waarom KFS en nie Oracle 12 nie?*

A: Quali is 'n stelsel wat deur universiteite vir universiteite ontwikkel word en is dus spesifiek gerig op hoëronderwysinstellings. Die NWU volg 'n breë strategie om Quali-stelsels te benut waar moontlik, soos wat ons reeds doen wat ons studentestelsel betref.

Dit was dus 'n logiese stap om die KFS-pad te loop. KFS hou ook bepaalde finansiële voordele vir die NWU in, wat uit die aard van die saak 'n belangrike rol in ons besluit gespeel het.

'n Afvaardiging van die NWU se Departement Finansies het in 2011 oorsese universiteite besoek wat KFS suksesvol implementeer het, onder meer die Universiteit van Michigan en van San Diego.

Die groep se gevolgtrekking was dat dit baie goed by die NWU en sy behoeftes sal pas.

V: *Vertel 'n bietjie meer oor Quali?*

A: Dis 'n groeiende gemeenskap van internasionale universiteite en kolleges wat kragte saamgesnoer het om gemeenskapsbestuurde oopbron-programmatuur vir hoër onderwys te ontwikkel en in stand te hou.

V: *In watter mate is die NWU by die ontwikkeling van Quali betrokke?*

A: Ons werk al die afgelope twee jaar saam as 'n Quali-vennoot in ontwikkelingsprojekte. Die Quali-stigting bestaan uit verskillende deelnemende universiteite – tans meestal universiteite in die VSA.

Sedertdien het ons al verskeie van die Quali-gebaseerde programme

geïmplementeer, byvoorbeeld vir die Institutionele Komitee vir Akademiese Standaarde (IKAS) se proses waarmee NWU-programme intern voorgelê en goedgekeur word.

V: *Wanneer vind die eerste verandering plaas en wat gaan dit behels?*

A: Die eerste verandering sal voor Augustus 2013 geïmplementeer moet word. Dit is die mensekapitaalstelsel wat van Oracle 11 na Oracle 12 gaan oorskakel.

Die personeel van Mensekapitaal sal egter vroegetydig die nodige opleiding ontvang.

V: *Die oorskakeling na KFS gaan seker baie meer mense raak, aangesien daar oral by die universiteit mense is wat met finansies werk?*

A: Ja, dit raak ongeveer 800 eindgebruikers en natuurlik die finansiële afdelings. Die implementering is egter nog in sy kinderskoene en gebruikers sal voortdurend ingelig word oor vordering en waar hul insette nodig is.

Opleiding sal 'n hoë prioriteit geniet, maar sal eers nader aan die implementeringsdatum plaasvind.


V: *Hoekom kan ons nie ook Quali gebruik vir die NWU se mensekapitaalstelsel nie?*

A: Die Quali-stigting het ongelukkig maar pas begin met die ontwikkeling van 'n stelsel vir die bestuur van mensekapitaal. Daar is dus nog nie 'n stabiele en volledige stelsel beskikbaar nie.

V: *Dit klink asof hierdie KOI-projek baie tyd en energie in beslag gaan neem?*

A: Ja, dit gaan heelwat veranderings verg. Om ons met die veranderingsbestuur te help, gebruik ons die dienste van eksterne firmas waar nodig.

Ons spanne van Finansies, Inligtingstelsels en Mensekapitaal het die uitdaging aanvaar om van KOI 'n groot sukses te maak.



Nuwelinge fokus op dienslewering

Twee nuwe personelede wat onlangs by die Institusionele Kantoor aangestel is, is gretig om hul kundigheid in diens van die NWU en sy kampusse in te span.

Mnr Mashudu Mundalamo en sy departement sal NWU-personeel ondersteun wat mensekapitaal-sake betref, en me Christa North sal via die kantoor van prof Martin Oosthuizen, die Adjunk-visekanselier: Onderrig-Leer, die kampusse bystaan wat akademiese kwalifikasies en programbestuur betref.

BESTUURDER VOLTTOOI DIE SIRKEL

Mnr Mashudu Mundalamo, pasaangestelde direkteur van Mensekapitaal Bedryf by die NWU, het uiteindelik teruggekeer na sy plattelandse wortels.

Nadat hy sy kinder- en studentejare te midde van die rustigheid van die Venda-platteland deurgebring het, het Mashudu in 1997 'n stadsjapie geword. Dit het gebeur toe hy sy onderwysdiploma en BAHons-studies wat hy aan die Universiteit van Venda behaal het, aangevul het met 'n Diploma in Mensehulpbronnebestuur aan die voormalige Randse Afrikaanse Universiteit in Johannesburg.

Ná sy studies het hy bestuurder van Werknemer-verhoudinge en Mensehulpbron-administrasie geword by Goudrifstad (Goldreef City), en in 2007 mensehulpbron-bestuurder vir die casino se 1 200 personelede.

Sedert die aanvaarding van sy huidige pos aan die NWU op 1 November 2012, bevind hy homself in die landelike rustigheid van Potchefstroom.

As direkteur van Mensekapitaal Bedryf sluit sy verantwoordelikhede in die bestuur van werwing, aanstellings en diensbeëindigings, voordeleprosesse, en werknemer- en organisasiestruktuurrekords.

Van die uitdagings waarvoor hy en sy departement te staan kom, is doeltreffende kommunikasie in en tussen departemente, asook die verandering van die ingesteldheid van mense wat dieselfde dinge al vir 'n baie lang tyd op

dieselfde manier doen. "Die bestuur van verandering is baie belangrik en moet met omsigtigheid en sensitiwiteit hanteer word," sê hy.

Mashudu trotseer wel die stadsrumoer wanneer hy sy gesin naweke gaan besoek. Hy is getroud met Rudzani, 'n netwerkingenieur by Standard Bank in Johannesburg. Hulle het drie kinders – twee dogters van nege en vier onderskeidelik, en 'n sesjarige seun.

VERSEKIDENHEID HAAR MIDDELNAAM

Me Christa North, pas aangestelde Uitvoerende Adviseur: Beplanning en Spesiale Projekte in die kantoor van die Adjunk-visekanselier: Onderrig-Leer, (prof Martin Oosthuizen) is 'n vrou van vele talente.

Met hoofsaaklik die Universiteit van Pretoria (UP) as haar alma mater, sluit haar verskeidenheid kwalifikasies twee BA-grade, 'n Hoëronderwysdiploma (Unisa), honneurs in Inligtingkunde en 'n meestersgraad in Uitgewerswese in.

Ook haar loopbaan getuig van veelsydigheid. Sy was lank in die uitgewersbedryf, het by die Universiteit van Pretoria klasgegee, en was as akkreditasiebestuurder betrokke by die maatskappy bekend as Voortgesette Onderrig by UP (CE at UP).

Daarna het sy by die Kwaliteitseenheid van UP gewerk, die laaste paar jaar as hoof. Sy het ook vir 'n ruk waargeneem as Direkteur: Akkreditasie van die Hoëronderwys-kwaliteitskomitee van die Raad op Hoër Onderwys.

Christa, wat haar nuwe pos sedert 1 Januarie 2013 beklee, sê onderrig-leer by die NWU is reeds op 'n baie goeie trajek. "Verdere verfyning is altyd moontlik, maar die oogmerk moet deurgaans wees om steun aan akademië sinvol te maak, en om burokrasie tot die absolute broodnodige minimum te beperk." Een van haar grootste onmiddellike uitdagings is om te help om die interne en eksterne goedkeuringspro-



Mnr Mashudu Mundalamo: Hoëgehalte diens aan NWU-personeel is sy doelwit.



Me Christa North: Sinvolle steun aan akademië is vir haar baie belangrik.

sesse vir nuwe akademiese programme gladder te laat verloop. Sy sal ook by die ontwikkeling van beleid oor kortkursusse betrokke wees.

Christa is getroud met prof Ernest North, wat tans deelyds by die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die Potchefstroom-kampus betrokke is. Hulle het vier kinders van wie drie getroud is, en het twee kleinkinders, met 'n derde op pad.

NWU-kundiges kén hul storie

Personeel van die NWU deel voortdurend hul kundigheid met die gemeenskap waar ook al die geleentheid hom voordoen – tydens toesprake of onderhoude met die media. In ons voortgaande reeks deel ons graag die volgende aanhalings met ons lesers.



“Dit is hartseer om te sien hoe desperaat mense vir naskoolse opleiding is. Die Vaaldriehoekcampus moes die meeste voornemende studente wegwys wat sedert 3 Januarie daar opgedaag het, onder meer omdat hulle nie aan die minimum vereistes voldoen nie.”

Me Annette Willemse, Bemaking en Kommunikasie, Vaaldriehoekcampus Rapport, 12 Januarie 2013

“Onvoorspelbare weerpatrone is hier om te bly. Wat moet verander, is ons vlak van voorbereidheid vir rampe. Mense moet verstaan hoekom vloede gebeur. Daar kan dalk 'n ingenieursoplossing wees... of 'n vroeëwaarskuwingstelsel.”

Prof Dewald van Niekerk, Afrika-sentrum vir Rampstudies, Potchefstroomcampus The Africa Report.com, 11 Januarie 2013



“As 'n land se tekort op die lopende rekening aanhou groei, groei die behoefte aan buitelandse kapitaal. As die land dit nie regkry om daardie kapitaal aan te trek nie, is daar 'n netto uitvloei van geld wat kan aanleiding gee tot 'n likiditeitsprobleem. Dan begin die beleggers van die wêreld om hul kapitaal te onttrek, of om minder te belê, of hulle begin om teen die rand te spekuleer. As beleggers begin om teen die rand te spekuleer en die rand depresieer, raak ingevoerde goedere duurder, en dit lei weer tot 'n inflasieprobleem.”

Mnr André Mellet, Skool vir Ekonomiese Wetenskappe, Vaaldriehoekcampus, Yahoo! South Africa News, 9 Desember 2012



“...Volhoubaarheid is 'n reis en nie net 'n eenmalige projek nie. Hierdie projek moet in verskeie sleutelareas presteer: omgewingsprestasie deur volhoubare ekosistemiese dienste te verseker, sosiale investering om veerkragtige en aanpasbare gemeenskappe te bou wat in hul eie behoeftes kan voorsien en terselfdertyd verseker dat die mense van die toekoms eendag in hul behoeftes sal kan voorsien, stabiele finansies, voortgesette besigheid en goeie korporatiewe bestuur.”

Prof Johan Nel, Sentrum vir Omgewingsbestuur, Potchefstroomcampus, High Tech Security Solutions, 9 Desember 2012

“Die publiek sal baie vinnig agterkom dat daar iewers 'n groot skroef los is as daar 'n té groot verbetering in die matriekuitslae is. Ons het nêrens 'n konstante verbetering gesien wat beter uitslae kan meebring nie. Probleme in sommige provinsies kan ook 'n besliste invloed op vanjaar se uitslae hê.”

Prof Jan Heystek, Skool vir Opvoedkunde Studies, Potchefstroomcampus Die Burger, 30 Desember 2012



Mense wat myle stap

Voor jy jou oë kon uitvee, is dit 2013. Die jaar het weer met 'n spoed begin, en ons gaan graag voort met die tweede myl-reeks om sodoende die nodige erkenning aan NWU-kollegas te gee en om hulle verder aan te spoor om 'n verskil in ander mense se lewens te maak.

Dr Ben Coetzee, 'n senior lektor by die Noordwes-Akademie vir Sport op die Potchefstroomkampus, skroom nie om meer in te sit as wat van hom verwag word en werklik die tweede myl te loop nie. "Dr Ben dink nie twee keer om ná ure te bly om te verseker dat die werk gedoen word nie," sê mnr Koert van der Walt, 'n akademiese intern by die Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap op die Potchefstroomkampus. "Wat vir dr Ben die belangrikste is, is om te verseker dat die hoogste standaard in onderrig en opleiding gehandhaaf word."

Me Ananda van der Walt, navorsers, lektor en tolk in die Institusionele Taaldirekoraat, neem graag die kans waar om twee personeellede te nomineer – **me Lenie Kotze** van die Gesondheidsorgsentrum op die Potchefstroomkampus en **me Anneliese Beukes**, bestuurder van Opvoedkundige Tolkdienste. Volgens Ananda is hierdie twee bewonderenswaardige dames 'n ware voorbeeld vir almal.

"Lenie gaan uit haar pad om soveel moontlike ondersteuning te bied aan enige studente met gestremdhede, selfs al is dit nie haar direkte verantwoordelikheid nie. Anneliese is een van die beste bestuurders wat ek nog teëgekomp het. Sy is altyd eerste op kantoor en laaste om huis toe te gaan en sy ken werklik al die personeel wat saam met haar werk. Dankie, dames, julle is rolmodelle," sê sy.

Volgens mnr Harm Stavast, die voormalige Direkteur: Studente-ontwikkeling op die Vaaldriehoekkampus (Harm het onlangs die diens van die universiteit verlaat), is daar

min mense wat dieselfde soort vermelding verdien as sy oudkollegas – **me Maggie de Beer**, **dr Sydney Vos** en **dr Saneth Dreyer** (Studente-berading en Psigologiese Dienste), en **me Mapeete Mulumba**, **me Violet Nomyayi** en **me Julia du Plooy** (Kliniek).

"Hierdie wonderlike mense sien elke dag om na die persoonlike en ontwikkelingsbehoefes van ons studente – met lojaliteit, liefde, onbaatsugtigheid en persoonlike opofferings. Kollegas, julle het my arms sterker en my oë oop gemaak wat die regte betekenis van liefdevolle opoffering betref. Baie dankie vir julle menslikheid – julle maak transformasie en sosiale kohesie 'n realiteit," sê hy.

Nog 'n personeellid wat 'n pluimpie verdien, is **mnr Juan Steyn**, IT-beampte by die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte op die Potchefstroomkampus.

Me Héliane Jonker, die koördineerder van die nagraadse studente by die Skool vir Kommunikasie-studies in dieselfde fakulteit, sê hy is nooit te besig nie en gaan altyd uit sy pad om 'n ieder en 'n elk te help. "Juan is altyd vriendelik en geduldig en niks is ooit te veel moeite nie. Juan, dankie vir jou onmiddellike en effektiewe diens," sê sy.

Me Anita Lubbe, 'n junior lektor in die Skool vir Natuurwetenskappe en Tegnologie vir Onderwys op die Potchefstroomkampus, nomineer graag vir me Drienie Beytell, 'n laboratoriumtegnikus in dieselfde skool.

"(Tannie) Drienie is ons vakgroep se regterhand en staatsmaker. Sy gaan altyd uit haar pad om ander te help en hul las ligter te maak. Selfs ten tye van druk en 'n baie besige program, beman sy steeds die laboratorium en verrig ander buitengewone take. Ons is dankbaar vir alles wat sy vir ons doen," sê Anita.

As jy graag 'n kollega wat die tweede myl in die uitvoering van sy/haar daaglikse pligte stap, wil nomineer, stuur gerus 'n e-pos aan marelize.santana@nwu.ac.za. Onthou asseblief om jou en die persoon wat jy nomineer se positiesel en relevante departement of skool ook in die e-pos aan te dui.

BEN COETZEE



LENIE KOTZE



ANNELIESE BEUKES



JUAN STEYN



DRIENIE BEYTELL



AGTER VAN LINKS: MAGGIE DE BEER, VIOLET NOMYAYI EN SYDNEY VOS. VOOR VAN LINKS: JULIA DU PLOOY, SANETH DREYER EN MAPEETE MULUMBA.



Wat jy van die Eish! dink

Die sukses van enige tydskrif, personeelblad of koerant hang nie noodwendig net af van die vaardigheid van die redaksie en die hoeveelheid toekennings wat gewen word nie, maar soveel te meer ook van die insette, opinies en kommentaar van die lesers.

Dit is juis ook om hierdie rede dat ons gereeld opnames doen om uit te vind wat ons lesers verwag en wil hê.

Wat nuus betref, is dit interessant om te sien hoe lesersvoorkeure verander het. Volgens Oktober 2011 se meningsopname het Eish!-lesers die meeste van artikels oor onderrig-leer en tweedemeeste van artikels oor sentra, skole, fakulteite en ondersteuningsdepartemente by die NWU gehou.

Tydens die opname in September 2012 kom die behoefte na meer nuus oor die prestasies van die NWU en sy personeel egter na vore.

Die gereelde artikels wat die gewildste onder ons lesers is, is die kampusnuus, die spotprent en die gunsteling-aanhaling of gesegde van 'n spesifieke personeellid.

Op die vraag: "Waaroor sal jy graag meer wil lees in die Eish!" het lesers verskeie voorstelle aan die hand gedoen. Wat soos 'n paal bo water staan, is dat ons lesers graag meer wil lees oor ondersteuningspersoneel, en nie noodwendig altyd mense wat in bestuursposisies is nie.

Hierbenewens is meer nuus oor studente, meer kampus-spesifieke nuus en artikels oor byvoorbeeld personeelaangeleenthede – soos welstand, werksverhoudinge en diversiteit – ook baie belangrik vir ons lesers.

Die voorstelle vir veranderinge en verbeterings was ook baie insiggewend. Dit is verblydend om te sien hoe baie mense bewus is van die omgewing en volhoubaarheid, en nodeloos om te sê is 'n aanlyn-weergawe van die Eish sommer bo-aan die lys.

Voorstelle, kommentaar én kritiek is altyd welkom.

Stuur dit aan nelia.engelbrecht@nwu.ac.za of aan marelize.santana@nwu.ac.za, faks dit na 018 299 4938 of stuur dit per interne pos na bussie 260.

Watter pad loop die Eish! nou verder?

65% van die respondente verkies gedrukte weergawes.

35% van die respondente het tydens hierdie Eish!-opname 'n aanlyn-weergawe verkies.

Ons lesers voel ook sterk daarvoor dat die klem op gewone mense geplaas moet word. Meer artikels, veral oor die kampusse, personeel (en nie net wat hulle by die werk doen nie!), asook meer pret soos snaakse vraelyste, blokkiesraaisels en 'n grapieblad is op ons lesers se wenslys.

Baie dankie aan elkeen wat aan die meningsopname deelgeneem het – ons lesers se terugvoer is die kompas wat Eish! op koers hou. Onthou – ons neem elke antwoord, kommentaar en voorstel ter harte – hetsy positief of negatief.

Volhoubaarheid, verantwoordelikheid en vooruitgang – dit is ons fokus vir die jaar.

Eish! gebruik tans reeds papier wat op 'n omgewingsvriendelike manier vervaardig word, maar uiteindelik is dit ons mikpunt om, indien moontlik, herwinde papier te benut. (Tans is 100% herwinde papier baie duur, selfs duurder as glanspapier.)

Eish! se verspreidingsdatabasisse sal ook aangepas word om vanaf die tweede uitgawe van hierdie jaar dit in elektroniese aanlynformaat te versprei aan diegene wat verkies om dit so te ontvang.

Ons sal binnekort hieroor met elke personeellid kommunikeer.

Hierbenewens beoog ons ook om ons lesers se kommentaar in ag te neem, toe te pas en uiteindelik 'n produk te lewer waarop die NWU nog trotser kan wees, en selfs meer kan geniet!

Wen! Wen! Wen!

Jy kan 'n korporatiewe geskenk wen – vind net hierdie 10 antwoorde!



1.

Identifiseer die nabyskote deur te sê wat dit is en verskaf die bladsynommers waar hulle verskyn.

2.



3.



4.

5.

6. Noem een van die Mafikengkampus-wenners in die Rapport-topdosentkompetisie.
7. Wie is die nuwe dekaan van die Fakulteit Regte op die Potchefstroomkampus?
8. Wat word die Department Korporatiewe Sake en Verhoudinge nou genoem?
9. Wat was die hooftema van die NWU se tweede Vakkundigheid van Onderrig en Leer-konferensie?
10. Wat is MarkWrite?

STUUR JOU ANTWOORDE AAN:

Pos: Marelize Santana, Interne bussie 260.

E-pos: marelize.santana@nwu.ac.za met Eish! in die onderwerpblökkie.

Onthou: Noem ook asseblief jou personeelnommer, titel, voornaam, van, postitel, naam van jou afdeling en kampus.

Die eerste korrekte inskrywing per besigheidseenheid wat getrek word, sal 'n prys loslaan!



Die NWU laat geen steen onaangeroer om tred te hou met die groei in studentetalle en die aantal akademiese programme wat aangebied word nie. Onder leiding van prof Johan Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite gaan die universiteit in die volgende drie jaar sowat R380 miljoen aan nuwe geboue, toerusting en die opgradering van bestaande geboue spandeer. Lees gerus meer hieroor op p 7.



Prof Theuns Pelser, direkteur van die Nagraadse Skool vir Sake- en Bestuursleierskap op die Mafikengkampus, deel graag die volgende gesegde van René Descartes met ons:

'EK DINK, DAAROM IS EK.'

"Descartes was nie net 'n filosoof nie; hy was ook 'n belangrike wetenskaplike wat velerlei bydraes gemaak het tot fisika, analitiese meetkunde, wiskunde, optika en fisiologie. Descartes se metode was daarop geskoei om alles wat hy ooit geleer is, te betwyfel tot dat hy 'n duidelike en ooglopende (*clara et distincta*) idee of beginsel gevind het wat nie in twyfel getrek kon word nie. In sy poging om alles te betwyfel, het hy uiteindelik tot die gevolgtrekking gekom dat hy alles kon betwyfel behalwe die feit dat hy twyfel. Dus as hy getwyfel het, was hy denkend, en as hy denkend was, het hy as 'n denkende wese bestaan.

"Vir my onderstreep dit dat denke te doen het met die lewe en uiteindelik sekerheid."

Het jy 'n gunsteling-gesegde of -aanhaling wat jou deur jou lewensreis bybly en wat vir jou spesiaal is of baie beteken? Deel dit asseblief met ons – ons gebruik dit graag in die volgende uitgawe van Eish!. Stuur asseblief die gesegde/aanhaling en oorsprong/outeur daarvan, jou kort motivering hoekom dit 'n impak op jou maak, asook jou naam, van, postitel en departement/skool aan marelize.santana@nwu.ac.za.



NORTH-WEST UNIVERSITY[®]
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT